PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

15 April 2018

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

Oggenddiens	***Lof-en Aanbiddingsdiens***	***Aanddiens***
09:00	***17:00***	***18:30***
Dr. Braam Krüger	*Dr. Braam Krüger*	*Ds. Abe Keyser*
Skrifgedeelte: Heb 10:11-26	*Skrifgedeelte:Gal 1: 6-10*	*Skrifgedeelte: Johannes 15:1-11, 16: 20-22, 17:13 en 20:19-39*
Fokusvers: Heb 10:22	*Fokusvers: Gal 1:7a*	*Fokusvers: Johannes 20:20*
Tema: Nader God in volle geloofsvertroue!	*Tema: Bullseye!*	*Tema: Blydskap oor die opgestane Here!*
Reeks: Tema 3, Week 1		

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

KOINONIA - Ons gee om vir mekaar

- **VOORBIDDING:**
- **Lidmate wat tans kankerbehandeling ontvang**: Hanlie Buys, Hettie Viljoen, Erika Buma, Corrie Deenick.
- ***Die volgende lidmate ly aan verswakte gesondheid:*** *Jan Bakker, Susan Botha, Drienie Roselt, Louis Buys Anna Charslund en oom Chris Nothnagel.*

Ons dink aan hierdie lidmate en hul families in ons gebede en dra hulle aan die Here op.

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

Mukhanyo

VERJAARSDAE 15 - 21 April 2018

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 15/04	Ben du Randt	082 443 6646
Maandag 16/04	Chris van Krieken Elaine van den Berg Ina Emmerson Erika Buma	083 609 1039 079 878 4429 082 780 7259 082 888 6862
Dinsdag 17/04	Ben Steyn	082 821 0147
Woensdag 18/04	Tina Koen	082 793 2029
Donderdag 19/04	Zoë van Kaam ☺ Danie Barnardo	 072 658 0665
Vrydag 20/04	Marilena Venter	
Saterdag 21/04	Grundy Venter Annené van Zyl ☺	073 147 1590

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

DATUMS OM TE ONTHOU!

- Die **Palms** (60 plussers) kom Woensdag, 18de April om 10:00 in die kerksaal byeen vir hul maandelikse byeenkoms.
- Die volgende geleentheid vir "**kom vra jou vrae"** sal DV Maandagaand 30 April om 19:00 in die konsistorie plaasvind.

DOPPER MANNE "GAMES NIGHT"

WANNEER: 4 MEI 2018
TYD 18:30
KOSTES: R100 P.P.
WAAR: By die kerk
WAT JY BRING: Blou tas
WAT EK MOET DOEN AS EK WIL KOM : Kontak asb vir -
Donsie Krüger op 084 627 2393 of
Ina Bolt op 084 339 1136

SUBTEMA 3 VIR 2018 GELOOFSEKERHEID 15 APRIL TOT 27 MEI 2018

Die volgende subtema vir die jaar wat in die Woorverkondiging en by wyksbyeenkomste behandel sal word is "Geloofsekerheid"

Die volgende hoofgedagtes sal o.a. behandel word:

* Wat is geloof?
* Wat is geloofsekerheid?
* Het jy geloofsekerheid?
* Hoe bevorder mens geloofsekerheid?
* Hoe geloofsgroei christelike karakterbou bevorder?
* Geloofsgroei deur gehoorsaamheid.
* Verskillende tipes spiritualiteite.

Leiersinligting en studiemateriaal sal vandag direk na die oggenddiens aan leiers verskaf word.

Aan die einde van tema 3 word daar 'n dankseggingsete beplan om 11:30 in die kerksaal. Ons moedig alle lidmate aan om die dankseggingsete by te woon. Besonderhede sal nader aan die tyd bekend gemaak word.

Nagmaal sal ook op die **25ste Mei** 2018 oggend en aand bedien word.

DIE PALMS

18 April om 10 vm kom die Palms in die saal bymekaar vir 'n gesellige kuier met TEE KOFFIE EN HEERLIKE EETGOED.

Om die kuier in 'n ligte luim te hou bring elkeen 'n **grappige insident** uit die verlede om met almal te deel sodat ons lekker saam kan lag en gesels!!!

Onthou die Palms is vir alle sestig plussers wat lus is vir 'n oggend se saamwees met mede Christene!!!

Sien julle Woensdag!

Navrae: Julie Goede 083 654 4821

GEREFORMEERDE KERK MOOIFONTEIN BIED AAN PALISSANDER

19 MEI 2018 OM 18:00

Konsert ten bate van orrelfonds vir die unieke meganiese orrel met 1106 pype.

EON MALAN - Orrel

Palissander Kamerkoor:

umShimula - Boom van die lewe

Kaartjies: R120, kinders onder 12 gratis

Sop & brood: R15

h/v Oranjerivier - en Bergrivierrylaan, Terenure, Kemptonpark.

Bespreek:

Marleen Cowley 083 454 1485

Nico Grobler: 083 573 9286

KOLLEKTES

Kollektes van 8 April 2018

Diens van Barmhartigheid :R 5505

TSP Bibfonds: R 2216

Vandag:

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid

By die deure: **Mukhanyo Teologiese skool**

Doel: Gereformeerde teologiese opleiding vir predikante, evangeliste en ander kerkleiers by Mukanyo teologiese kollege.

Volgende week: Kerkkas

THERE4-BEDIENINGE VROUEBEDIENINGSREIS

Janine van There4bedieninge en 8 ander dames reis na Midde-Ooste binnekort om vir vrouens wat vervolging ervaar of voor ISIS moes vlug te bemoedig. Daar is 'n paar maniere waarop jy by hierdie reis kan betrokke wees:

· Reis op jou knieë saam (stuur epos aan travel@there4ministries.org) Jy sal elke dag gebedsversoeke en terugvoer terwyl hulle reis ontvang

· Borg kospakkies vir vlugtelinggesinne (R350 per gesin) Donasies kan per EFT in die volgende bankrekening inbetaal word:

Bank: FNB
Rekeninghouer: There4 Ministries
Tipe rekening: Tjek rekening
Rekening nommer: 62515023084
Takkode: 261050
NB!! Verwysing: "Kospakkies"

· Bring enige van die volgende items na die kerk en plaas in die krat in die voorportaal wat gemerk is "Donasies vir midde ooste":
Dun inkleurboeke; boksies kryte; ballonne; tennisballe; springtoue; springrekke; groot pakke sagte lekkergoed; gewone tee met "tags"aan; Oh so Heavenly handeroompies; gehekelde kruisies; A5 –grootte lapsakkies (kontak Ena of Jenny vir instruksies)

Dankie. Vrede. Blessings Janine Coetzee

Vir meer inligting kontak Veronica vd Wateren op 084 247 2321

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 8 April 2018 se antwoord: **Genesis 38:12**

" 'n Lang ruk hierna het Juda se vrou Bat-Sua gesterf. Nadat hy oor haar gerou het, is hy na Timna toe om sy kleinvee te laat skeer, Sy vriend Gira van Adullam is saam. "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur

Martie Gibson; Una Steyn; Evert Bolt; Elma Jansen; Chrissie Pretorius

Hierdie week: Soek die Bybelvers 15 April 2018

" Een van die wat geluister het was 'n vrou met die naam Lidia, wat die Joodse geloof aangeneem het. Sy het handel gedrywe met pers wolmateriaal en was van ??????? afkomstig. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak."

Vraag: Van waar af was Lidia afkomstig?

Lees gerus Handelinge en noem van waar af Lidia afkomstig was en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

Liewe gemeente,

Terugvoer van die kerkraad rakende die mediese emeritering van ds. Louis Buys en die invloed op ons as gemeente.

Die kerkraad het op 25 Maart 2018 vergader en bring graag die volgende sake onder die gemeente se aandag:

Ds. Louis Buys se situasie:

Soos meeste van julle reeds weet, het ds. Louis se gesondheid die laaste paar maande ernstig agteruitgegaan. Hy het 'n verswakte hart en moet 'n **hartoorplanting** ondergaan. Dit is ongelukkig duidelik uit doktersverslae dat hy nie verder sy roeping as predikant sal kan uitleef nie.

Wanneer 'n dominee in die GKSA hom in hierdie posisie bevind, kan hy aansoek doen om **emeritering (aftrede) op grond van mediese ongeskiktheid**. Ds. Louis het die kerkraad meegedeel dat hy hierdie besluit geneem het, en dat die proses 'n aanvang geneem het. Ons bid hom en Hanlie (wat self kankerbehandeling ondergaan) die genade en nabyheid van die Here toe in hierdie moeilike tyd.

Verskeie gemeentelede is besorg oor die versorging van ds. Buys en sy gesin, en daarom kortliks die verduideliking. Ds. Louis bly ten volle die **verantwoordelikheid van die gemeente** waar hy emeriteer (in sy geval dus GK Benoni). Die pensioenfonds waaraan predikante behoort maak egter voorsiening vir ongeskiktheidsdekking tot op die ouderdom van 65, waarna gewone emeritering in werking tree. Tydens die huidige administratiewe wagperiode voordat sy ongeskiktheidspensioen begin (tussen 4 en 8 maande vanaf die datum van die indien van die aansoek by die versekeraar), ontvang ds. Louis sy volle traktement van die gemeente af. Hy word dus tans soos normaal ten volle versorg.

Ná die ongeskiktheidspensioen in werking getree het, en selfs na emeritering bly dit die **gemeente se verantwoordelikheid** om toe te sien dat die egpaar eervol versorg word (soos mev. E v/d Bijl en dr D Steyn).

Die gemeente se pad vorentoe:

Die kerkraad moet aandag gee aan sinvolle bediening in die gemeente op die kort-, medium- en langtermyn noudat ons weet dat ds. Buys nie weer in die nabye toekoms **bedieningswerk** kan doen nie.

In die **korttermyn** word gaspredikers genader waar ds. Krüger nie die dienste kan lei nie. Hoewel ons baie dankbaar is vir predikers wat instaan, help dit nie op die medium- of langtermyn met effektiewe en planmatige bediening in die gemeente nie.

In die **mediumtermyn** sou dit ideaal gewees het om van teologiese studente, proponente of geëmeriteerde predikante gebruik te maak, maar daar is nie tans sulke persone (waarvan ons bewus is) beskikbaar om op 'n vaste basis in die gemeente te help nie. Dit veroorsaak dat die bedieningswerk wat die Here oor jare heen in die gemeente laat ontwikkel het, menslikerwys nie verder uitgebou kan word nie. Een predikant kan nie alleen al die werk in die gemeente behartig nie – en daar word tans net gefokus op prioriteitsake (Amper krisis bestuur).

Op die **langtermyn** is dit vir die kerkraad duidelik dat daar 'n tweede, voltydse predikant beroep moet word. Omdat daar nie op die kort- of mediumtermyn 'n haalbare oplossing vir die bedieningsnood in die gemeente is nie, het die kerkraad 'n **beginselbesluit** geneem dat daar so spoedig moontlik met die beroepingsproses begin moet word.

Die kerkraad het die **Strategiese Diensgroep** (SDG) aangewys om die saak finansieel en operasioneel deeglik te oorweeg, asook die kerkraad te adviseer, voordat daar uiteindelik tot beroeping oorgegaan kan word, oor

- die vereistes waaraan 'n predikant van die GK Benoni moet voldoen en
- die proses wat gevolg moet word vir beroeping.

Alle insette in hierdie verband kan aan die voorsitter van die kerkraad en leier van die SDG, deurgegee word.
(Oudl. Pieter du Plessis: 083 701 9727 en zpdp@telkomsa.net)

Wat **finansies** betref, bestaan die moontlikheid dat daar 'n tydperk van oorvleueling tussen die versorging van ds. Louis en die nuutberoepe predikant kan wees (4 – 8 maande). Dit gaan addisionele druk op die kerkkas plaas en daarom wil die kerkraad die volgende versoek:

Dat alle lidmate sal oorweeg om 'n ekstra offergawe by te dra, al is dit net vir 'n spesifieke termyn, om te help met die oorbruggingsperiode en hierdie spesifieke saak.

Die kerkraad wil u verseker dat ons nie sal voortgaan met beroeping voordat hierdie sake (vereistes, proses en finansies) duidelik ondersoek is en deur die kerkraad goedgekeur is nie. Daar sal ook 'n **gemeentevergadering** gehou word voordat die finale besluite oor beroeping geneem word.

Die kerkraad versoek die gemeente om ds. Louis se gesondheid en die moontlike beroeping **voortdurend in gebed** voor die Here se troon te lê.

In Christus se naam, Die Gereformeerde Kerk Benoni se kerkraad.